



Daleen Kruger is medeprofessor aan die Skool vir Musiek van die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom. Sy gee onderrig in orrel en musiekgeskiedenis en bied verskeie nagraadse modules aan. Haar navorsing fokus op historiese uitvoeringspraktyk en aspekte van moderne kerkmusiek. Prof Kruger behoort aan verskeie kerkmusiekorganisasies en is 'n erelid van SAKOV. Sy was 'n medewerker van die hersieningskommissie van die Psalms vir die Liedboek (2001) en is tans ook lid van die VONKK-taakspan van die NG Kerk. Prof Kruger het talle kongresreferate plaaslik en in die buiteland gelewer oor 'n wye verskeidenheid van onderwerpe. Sy is tans orrelis van die NG Kerk Eerste Vesting in Potchefstroom.

DIE EVANGELISCHE GEZANGEN (1806) IN AFRIKAANSE LIEDBOEKE¹

DALEEN KRUGER

NISENTITEIT – MUSIKALE KUNSTE IN SUID-AFRIKA: HULPBRONNE EN TOEPASSINGS, POTCHEFSTROOMKAMPUS, NOORDWES-UNIVERSITEIT

ABSTRACT

Observing development and metamorphosis of a church song through the ages and the adaptation and inclusion thereof in several hymnals is a fascinating endeavor. It does not only reveal the durability of a song but also reflects something of the culture of the adopting community. One such example concerns the role of Dutch church songs (*Gezangen*) in Afrikaans hymnbooks. The *Evangelische Gezangen* (1806) was introduced to congregations in the Cape in 1814 and was also taken inland by the Dutch pioneers (Voortrekkers). Not only did these *Gezangen* form the backbone of the evangelical hymn corpus in the Dutch Reformed hymnbooks of 1944, 1978 and 2001, but they also display a process of transformation as regards the translation of the texts into Afrikaans (1944 and 2001) and the use of accompanying melodies.

In this article the historical development and transformation of the *Gezangen* (1806) will be observed and described. The focus will be on the translation of the texts and the use of melodies in the Afrikaans hymnbooks of 1944 and 2001. Five of the *Gezangen*/*Gesange* will serve as examples.

¹ Hierdie artikel is oorspronklik as 'n referaat voorgedra by die 27ste Konferensie van die Internationale Arbeitsgemeinschaft für Hymnologie, Amsterdam, 12 Augustus 2013.

INLEIDING

In my huidige navorsing oor die herkoms van melodieë en tekste van liedere in die *Liedboek* (2001) het dit my weereens opgeval hoe sterk Nederlandse kerkliedere² die landskap van Suid-Afrikaanse himnologie beïnvloed het sedert die volksplanting in die sewentiende eeu. Aanvanklik is die *Psalms en eenige Gezangen* van Petrus Datheen (1531-1588) deur die Nederlandse setlaars gebruik. Hierdie bundel is later vervang deur die sogenaamde Stateberyming en hierdie beryming is in Afrikaanse kerke gebruik tot met die verskyning van Totius se Afrikaanse psalmberyming (1937/1944) (Strydom, 1994:111).

In piëtistiese kringe in Nederland het daar mettertyd 'n behoefte ontstaan aan Nuwe-Testamentiese liedere en talle “geestelike liedere” is gevolglik geskep. Die *Evangelische Gezangen* (1806) is in 1807 in Nederland in gebruik geneem en is in Januarie 1814 ook in die Kaap ingevoer (Strydom, 1994:112). Met verloop van tyd het hierdie gesange inslag gevind en is die tekste omgedig in Afrikaans. Daar is ook by sommige gesange ander melodieë gebruik as in die Nederlandse bundel, waarvan sommige deur Suid-Afrikaanse komponiste geskryf is (byvoorbeeld die melodie van RC de Villiers vir Gesang 36). Gedurende die twintigste en een-en-twintigste eeue het die *Gezangen* steeds die basis gevorm vir die ontwikkeling van die Afrikaanse gesange in byvoorbeeld die *Psalms en Gesange* (1944) en die *Liedboek van die Kerk* (2001).

Die doel van hierdie artikel is om die invloed van die Nederlandse *Evangelische Gezangen* (1806) op die samestelling van Suid-Afrikaanse gesangbundels te ondersoek en te beskryf. Na 'n kort historiese kontekstualisering sal spesifiek ondersoek ingestel word na die ontwikkeling van die tekste vanuit Nederlands na Afrikaans en die toewysing van melodieë in die onderskeie sangbundels van 1944 en 2001. Enkele van die *Gezangen/Gesange* word ter illustrasie gebruik.

DIE EVANGELISCHE GEZANGEN (1806) IN NEDERLAND

In Nederland was die sing van gesange naas die 150 Psalms 'n kwessie vir debat sedert die sestiende eeu. In hierdie opsig kan verwys word na die byvoeging van “lofzange en geestelike liederen” in die sangbundel van 1540 en Petrus Datheen se *De Psalmen Davids* (1566) (Van der Leeuw, 1977:11). Talle geestelike liedere het in 'n groot getal liedboeke³ verskyn wat gedurende die sewentiende eeu gepubliseer is. Hierdie bundels was bedoel vir huislike gebruik (Van der Leeuw, 1977:27).

Daar was baie teenstand teen hierdie gesange, maar teen die negentiende eeu het dit gelyk asof hierdie kwessie oorkom is. In 1803 is 'n kommissie onder voorsitterskap van ds. Ahasverus

² Die psalms vorm deel van hierdie proses maar word nie in hierdie artikel hanteer nie. Die skrywer is ook deeglik bewus van die invloed van die kerkliedere van die Franse Hugenote en die Britse Setlaars en ander groepe op die Afrikaanse himnologie, maar 'n bespreking daarvan val buite die doelstellings van hierdie artikel.

³ Liedere van onder andere Camphuysen en Revis kan hier genoem word.

van den Berg⁴ (1733-1807) gevorm met opdrag om 'n liedboek met evangeliese gesange saam te stel. Die kommissie het sy werk in 1805 voltooi (Van der Leeuw, 1977:28). Die *Evangelische Gezange*⁵ is op Nuwejaarsdag 1807 deur die Hervormde Kerk in die Nederlande in gebruik geneem (Strydom, 1994:112).

DIE EVANGELISCHE GEZANGEN (1806) IN SUID-AFRIKA

Ten tyde van die ingebruikneming van die *Evangelische Gezangen* (hierna *Gezangen*) in Nederland het die gemeentes in die Kaap steeds die bundel van Datheen en die *Statenberyming* van die psalms gebruik (Strydom, 1994:111). Op 15 November 1812 het ds. Meent Borchers 'n brief namens die kerkraad van die Stellenbosch-gemeente aan die kerkraad van die Kaapse gemeentes geskryf, waarin hy verwys het na die gebruik van die *Gezangen* in Nederland en voorgestel het dat dié bundel ook in die Kaap bekendgestel behoort te word. Dit blyk dat hy reeds insae gehad het in proefeksemplare van die *Gezangen* (Du Toit, 1984:12-13). Hy meld verder, volgens inligting van ds. T J Herold van die gemeente in George, dat die dominee van die Nederlandse Hervormde Gemeente in Londen, dr. Werninck, bereid was om van die sangbundels aan hom beskikbaar te stel vir verspreiding onder die Kaapse gemeentes: "... wel de moeyte zoude willen op zich nehmen om aan onze Kerken in deeze Volksplanting dat nuttig en stigtelyk gezangboek te bezorgen" (Du Toit, 1983:13).

Die aanvanklike reaksie op hierdie versoek van Borchers was teleurstellend en daar was eers na enkele maande genoeg bestellings om die aanvraag uit Londen te regverdig. Hierdie besluit is genoteer in die kerkraadsnotule (Stellenbosch) op die 15de November 1813. Die Gesangeboeke het teen die einde van 1813 in die Kaap aangekom aan boord van "The Roxbury Castle" (Du Toit, 1983:13).

Na aanleiding van 'n voorstel deur ds. Christiaan Fleck is die *Gezangen* in gebruik geneem in die Kaapse gemeentes tydens die oggenddiens van 9 Januarie 1814. Ds. Fleck het, naas enkele psalms, Gezang 48 uitgekies om as eerste van die *Evangelische Gezange* op Afrikaanse bodem gesing te word deur die gemeentes in Kaapstad en Stellenbosch (Du Toit, 1983:14).

"Zingt, zingt blij te moe"

Die oorspronklike teks van Gezang 48 is geskryf deur Rhijnvis Feith (1753-1824) – 'n Nederlandse digter wat vir die grootste deel van sy lewe in die stad Zwolle gewoon en gewerk het (Chrisholm:1911).⁶ Die melodie wat gebruik is, is die een van die Geneefse Psalm 81. Gezang

⁴ Ahasverus van den Berg was 'n Nederlandse predikant wat onder meer in die gemeentes van Bruchem, Barneveld en Arnhem gewerk het. Hy het 'n besondere belangstelling gehad in gemeentesang (Van der Leeuw, 1977:1144).

⁵ Volledige titel: *Evangelische Gezangen om nevens het boek der Psalmen by den openbaren godsdienst in de Nederlandsche Hervormde Gemeenten gebuikt te worden.*

⁶ Van sy werke sluit in *Julia* (1783), *Thirsa* (1784), *Lady Jane Grey* (1791), *The grave* (1792) en vyf volumes met *Odes and miscellaneous Poems* (1796-1814) (Chrisholm, 1911).

48 het oorspronklik tien strofes gehad. Die gebruik van isoritmie in hierdie weergawe is opvallend.⁷

48. AAN DEN VERLOSSER.
WIJZE: Psalm 81.

Z ingt, zingt bij te moe', A - dams
dank - bre zo - nen! Je - zus glo - rie toe! Uit
het laag - ste stof Klink' uws Red - ders
lof, Waar ook men - schen woo - nen.

Voorbeeld 1a: Gezang 48⁸ (1806)

“Zingt, zingt blij te moe’ ” het met die tyd ingang gevind in verskeie Afrikaanse bundels. Die teks van Rhijnvis Feith is vertaal in Afrikaans deur GBA Gerdener en gepubliseer in die *Halleluja* (1931) en die *Afrikaanse Gesangeboek* (hierna *Gesangeboek*) van 1944. Hierdie gesang is ook in die *Liedboek van die Kerk* (hierna *Liedboek*) van 2001 as Lied 216 opgeneem. Die vertaling in die *Liedboek* is gedoen deur Louwrens Strydom (1933-2001) in 2001 en die lied is ingekort tot drie strofes. Die oorspronklike ritme van die Geneefse melodie is ook herstel.

48. DIE VERLOSSER
(Wysie Psalm 81)

1. Sing met bly ge - moed, A - dams kroos, u san - ge. Sing van
Je - sus bloed! Laat u Red - ders lof Uit die
aar - se stof Op - klink met ver - lan - ge!

Voorbeeld 1b: Gesang 48 (1944)

⁷ In die kopie wat hier gebruik word, stem die tekste en melodieë ooreen met die 1806-uitgawe. Hierdie kopie is gedruk in Haarlem deur J Brandt en Zoon in 1915. Dit is gebruik deur my grootmoeder wat dit as 'n geskenk van my grootvader in 1920 ontvang het. 'n Opmerking op die titelblad dui aan dat die bundel bedoel was vir gebruik in die buiteland.

⁸ Ter wille van plek word hier slegs na die eerste strofe verwys.

Sing met vreugde, sing
oor ons Redder-Koning.
Laat ons hulde bring
aan die Hemelheer
wat sy kerk regeer;
Hy maak by ons woning.

Voorbeeld 1c: Lied 216 (2001)

DIE ONTVANGS VAN DIE GEZANGEN IN SUID-AFRIKA

Alhoewel Du Toit (1983:16) van mening is dat daar “algemene tevredenheid en blydskap oor die nuwe liedereskat” was, is erge weerstand ook ervaar. Die eerste protes is amptelik aangeteken op 9 November 1833. Daar was egter reeds voor hierdie skrywe ontevredenheid met die *Gezangen*, soos blyk uit ’n verklaring van die Kerkraad van Colesberg en Philipstown (Du Toit, 1983:19). Daarin word verwys na “tweedracht en scheuring” binne die gemeentes. In 1849 getuig vier lidmate van die gemeente in Colesberg van “een verdeeldheid in de gemeente en de kerkraden en de Godsdienst van wegens het gebruik der *Evangelische Gezangen*”.⁹ Soortgelyke sentimente is ook opgeteken in verskeie ander gemeentes, onder die Voortrekkers en veral onder die lidmate van die Gereformeerde Kerk (Du Toit, 1983:17). Laasgenoemde het dan ook afgestig van die NG Kerk in 1859 – ’n besluit wat onder andere gebaseer was op die gebruik van die *Gezangen* in die erediens¹⁰ (Strydom, 1994:113).

Ten spyte van al die verdeeldheid het die Kaapse Sinode van 1915 opdrag gegee aan ’n kommissie om “onzer *Gezangen*” (verwysend na die *Gezangen* van 1806) uit te brei (Van Niekerk, 1983:

⁹ ’n Brief aan die Ring van Graaff-Reinet in 1849 soos aangehaal deur Du Toit (1983:19).

¹⁰ Dit kan hier genoem word dat daar in die huidige Psalmboek (2003) geen van die 1806-*Gezangen* voorkom nie.

109) met “geschikte Evangeliese Gezangen ter aanvulling van onzer Gezangbundel met het oog op het bestaande leemten”.¹¹ Vooraanstaande kerkmusici soos onder andere ds. ML de Villiers,¹² proff. FW Jannasch¹³ en PK de Villiers¹⁴ en mnr. AC van Velden¹⁵ het op hierdie kommissie gedien. In 1924 het die kommissie versoek dat die *Psalmes en Evangeliese Gezangen* in Afrikaans vertaal word (Van Niekerk, 1983:109) en die versoek is toegestaan deur die Sinode van die NG Kerk in dieselfde jaar (Gesangeboek, 1944:Voorwoord).

Die *Psalmes en Gesange* (1944)

Die kommissie het ’n ernstige poging aangewend om die vertalings van die tekste in destydse moderne Afrikaans te doen. Die voltooiende vertaling was gereed vir gebruik in 1944. Hierdie bundel is gebruik tot 1978, toe ’n nuwe liedboek in gebruik geneem is.

Belangrike medewerkers aan die vertalings van die *Gesange* (1944) was dss. GBA Gerdener,¹⁶ PB Ackermann, PH van Huyssteen en dr. EC Pienaar, die digter DF Malherbe,¹⁷ ene A van Selms¹⁸ asook “eerwaarde” Hartwig (Gesangeboek, 1944:Voorwoord v).

Alhoewel die *Gezangen* (1806) gedien het as vertrekpunt vir die hersiening en Afrikaanse vertaling daarvan, is ’n paar van hierdie gesange uitgelaat op grond van leerstellige en letterkundige tekortkominge (Gesangeboek, 1944:Voorwoord, iv). Die betrokke 6 gesange (59, 76, 83, 84, 108 en 110) is vervang met 6 liedere uit die *Eenige Gezangen*.¹⁹ Die Afrikaanse tekste vir hierdie 6 gesange is gemaak deur Totius,²⁰ ’n gerekende teoloog wat ook die psalms in Afrikaans vertaal het (1937).

’n Verdere bron vir die *Gesange* (1944) was die *Vervolgbundel op de Evangeliese Gezangen* wat gebruik is deur die Hervormde Kerk in Nederland sedert 1866. Uit die *Vervolgbundel* is 19 gesange ingesluit en het betrekking gehad op gesange 10, 60, 61, 64, 154, 101, 107, 115, 131, 156, 160, 187, 192, 152, 147, 66, 106, 121 en 74 (Gesangeboek, 1944:Voorwoord:iv).

Die *Gesange* bevat ook 9 oorspronklike tekste: Gesang 71 (Rom. 13: 8-14), 9 (dankgebed by die doopformulier) en 105 (dankgebed by die formulier vir die Nagmaal) se tekste is gesamentlik geskryf deur dr. EC Pienaar en ds. Hartwig; Gesang 164, 168 en 172 se tekste is deur die digter

¹¹ Acta Synodi van die NG Kerk soos aangehaal deur Van Niekerk (1983:117).

¹² Marthinus Lourens de Villiers (1885-1977) (Malan, 1980a:334).

¹³ Friedrich Wilhelm Jannasch (1853-1930); kerkmusikus, komponis en musiekopvoeder (Malan, 1980c:4).

¹⁴ Pieter Kuyper de Vos de Villiers (1874-1949); orrelis en seun van RC de Villiers (Malan, 1980a:341).

¹⁵ Andries Christoffel van Velden (1886-1957); orrelis wat ook bekend gestaan as oom Boet (Malan, 1980d:436).

¹⁶ Gustav Bernhard August Gerdener (1881-1967).

¹⁷ Daniel Francois Malherbe (1881-1969); Afrikaanse digter.

¹⁸ Adrianus van Selms (1906-1984).

¹⁹ *De berymde Psalmes met eenige Gezangen in gebruik bij de Gereformeerde Kerken in Nederland, 1897.*

²⁰ Totius is die skuilnaam van die digter/teoloog Jakob Daniël Toit (1877-1953).

DF Malherbe geskryf; Gesang 109 en 159 se tekste is geskryf deur ds. PH van Huyssteen en dié van Gesang 169 deur ds. EC Pienaar (Gesangeboek, 1944:Voorwoord:v).

'n Belangrike aspek van die transformasie van die *Gezangen* word waargeneem in die toekenning van die melodieë vir die *Gesange*. As gevolg van verskeie klagtes oor die sogenaamde “vreemde” melodieë in die *Gezangen* het die musiekkomitee ernstige aandag daaraan gegee om geskikte melodieë vir die *Gesange* te vind. Ouer en welbekende melodieë is behou terwyl ander vervang is met nuwe melodieë. Daar is by baie van die *Gesange* 'n tweede melodie aangedui en dikwels is nog 'n alternatiewe melodie ook vermeld. Van die nuwe melodieë is gekomponeer deur Suid-Afrikaanse komponiste soos onder andere JS de Villiers,²¹ RC de Villiers²² en FW Jannasch. Slegs 'n paar van hierdie nuwe wysies het inslag gevind, soos byvoorbeeld Gesang 36 (“Heugelike tyding”).

Een van die nuutgekomponeerde melodieë wat wel inslag gevind het, is die een vir Gesang 36 (1944). Hierdie nuwe melodie word aangedui as 'n “Nuwe wysie” en die oorspronklike melodie van Gesang 36 (1806), “Jesu meine Freude” (Johann Crüger, 1653), is as die “tweede melodie” gelys. Vir hierdie lied is ook 'n derde alternatiewe melodie voorgestel, naamlik die melodie van Gesang 57²³ (ook gelys as 'n nuwe melodie). Hierdie melodie is die welbekende “Jesu meine Liebe” (Christian de Witt, 1715).

Die nuwe melodie van Gesang 36 is gekomponeer deur Rocco C de Villiers in 1883 en is sedert 1944 verbind met hierdie teks: “Heugelike tyding”. Die Nederlandse teks van 1806, “Heugelijke tijding” van Ahasverus van den Berg, is gebaseer op die oorspronklike Duitse teks van Heinrich Hecker (1699-1743). Op hierdie wyse het vele Duitse kerkliedere hulle weg via die *Gezangen* na die Afrikaanse liedbundels gevind. In die *Gesange* (1944) is die Nederlandse teks in Afrikaans vertaal deur GBA Gerdener (1931):

²¹ Jan Stephanus de Villiers (1827-1902); ook bekend as Jan Orrelis (Malan, 1980a:327).

²² Rocco Cartorzia de Villiers (1838-1902); orrelis en musikonderwyser in die Paarl (Malan, 1980:343).

²³ JESU, MEINE LIEBE is tans in die Liedboek nommer 525. Die teks van Ahasverus van den Berg (1806) is hersien deur Gerjo van der Merwe in 1978 en weer in 2001 deur die Liedboek-komitee.

36.

DIE EVANGELIE

(Nuwe wysie)

1. Heu - ge - li - ke ty - ding, Bron van hart ver - bly - ding,
E - van - ge - lie - woord! Woord van eew - ge le - we, Ons van
God ge - ge - we, Sa - li - gen - de Woord! Sa - lig hy wat
by U bly, Wat sy hoop op U ge -
bou het En op U ver - trou het.

Voorbeeld 2b: Gesang 36 (1944)

Gesang 36 (1944) het wyd inslag gevind onder Afrikaanssprekende lidmate en is ook opgeneem in die *Liedboek* as Lied 258. Die liedboekteks is hersien deur Attie van der Colf vir die 1978-bundel en weer in 2001 vir die *Liedboek*.

258

Vreugdevolle tyding

Vreug - de - vol - le ty - ding,
bron van hart - ver - bly - ding -
e - van - ge - lie woord!

Woord van lig en le - - we

rig ons aard - se stre - - we

as be - vry - dings - woord -

deur sy Gees laat God dit wees

woor - de van sy o - pen - ba - ring,

van sy heils - ver - kla - - ring.

Voorbeeld 2c: Lied 258

“LIEDERWYSIES” AS GESANGMELODIEË

Die Voortrekkers se besluit om in 1838 na die binneland te trek in ’n poging om te ontsnap van die Britse heerskappy het uiteindelik gelei tot kulturele isolasie. Godsdienste het ’n belangrike rol gespeel in die alledaagse lewe van die Voortrekkers. Met uitsondering van enkele onderwysers, wat ook die kinders leer sing het (meestal op tonika-solfa), en amateur-instrumentalste was musiekbeoefening nie op ’n hoë standaard nie (Bouws, 1982:110-111). Erasmus Smit, leraar van die Maritz-trek, beskryf in sy dagboek ook ’n praktyk waar sommige psalms met sogenaamde “draaiers” (“zalm met draaiers”) gesing is as teken van godsdienstige toewyding (Bouws, 1982:111). Dit blyk dat die Voortrekkers geleidelik begin het om melodieë te versier en makliker en bekende melodieë aan te pas vir gebruik in gesamentlike sang. Hierdie praktyke het onder meer gelei tot die ontstaan van die sogenaamde liederwysies.

’n Liederwysie kan gedefinieer word as ’n melodie van volksangagtige aard. Soos dit die geval is met mondelinge oorleweringstradisies, vertoon hierdie melodieë ook verskeie variante en soms ongemaklike ritmiese patrone. Dit is egter opvallend dat die tekste na aan die oorspronklike Nederlands bly. Die meeste van hierdie melodieë het ’n kort lewensduur gehad en is nie as waardig genoeg geag om in formele liedboeke van 1944 en 1978 opgeneem te word nie. Sommige

het wel oorleef deur onder andere die publikasie daarvan in die *FAK-sangbundel* (1986). Die belangrike werk van Gawie Cillié in hierdie verband moet ook vermeld word.

Met die samestelling van die Liedboek (2001) is daar wel aandag gegee aan die liederwysies in 'n poging om van die wysies te bewaar wat steeds geliefd by en bekend was aan lidmate. Uiteindelik is ses in die Liedboek opgeneem as tweede melodieë.²⁴ Hierdie besluit is ook in ooreenstemming met tendense wêreldwyd, naamlik dat meer volksmelodieë ingesluit word in amptelike liedboeke. 'n Toepaslike voorbeeld is die sogenaamde “Morgenzang” (Gezang 179, 1806).

“Mijn eerst gevoel zijn dankbaarheid”

“Mijn eerst gevoel zijn dankbaarheid” verskyn oorspronklik as Gezang 179 (1806) en word gesing op die melodie van “Was mein Gott will gescheh' allezeit”.²⁵ Die oorspronklike Nederlandse teks is geskryf deur Rhijnvis Feith: “Mijn eerst gevoel zijn dankbaarheid”.

179. MORGENZANG
WIJZE: Was mein Gott will das g'sch eh allezeit!

The image shows a musical score for a hymn. It consists of six staves of music, each with a vocal line and a corresponding Dutch lyric line. The music is written in a single system with a common time signature (C) and a key signature of one flat (B-flat). The lyrics are in Dutch and describe a morning prayer. The score begins with a large 'M' and ends with a double bar line.

Mijn eerst ge - voel zij dank - baar - heid, Waar
'k mee tot God ge - na - ke, Daar't mor - gen - licht
zijn sta - len spreidt, En ik ver - kwikt ont - wa - ke.
Tot Hem ver - heft zich hart en stem, Voor
zij - ne gunst - be - wij - zen; Ik leef, be - weeg m' en
ben in Hem, Zou ik mijn God niet prij - zen?

Voorbeeld 3a: Gezang 179 (1806)

²⁴ Psalm 18, Psalm 130, Lied 517, 556, 563 en 565 (Grové, 2001:33). Psalm 130 se melodie staan ook bekend as GREEN FIELDS en is in die volksmond aangepas en opgeteken as liederwysie.

²⁵ Gekomponeer deur Claudin de Sermisy in 1529 en vir die eerste keer as geestelike lied gepubliseer in Antwerpen in 1540.

Die lied is oorgeneem in die *Gesange* (1944) met dieselfde melodie, maar die teks is in Afrikaans vertaal.

179.

MOREGESANG

1. Ver - vul my hart met dank - baar - heid, Waar ek nou
 tot U na - der; ver - kwik deur u wel - da - dig - heid,
 Kom ek tot U, my Va - der. Hoe juig my hart sy
 dank - lied uit Vir u goed - gun - stig - he - de; My eer - ste
 lied is dank - ge - luid, U lof my eer - ste ske - de!

Voorbeeld 3b: *Gesang* 179 (1944)

In die *Liedboek* het die lied egter 'n gedaanteverwisseling ondergaan. 'n Nuwe teks is geskryf deur Elsabé Kloppers (1959-) en die oorspronklike 6 strofes is ingekort tot 2. Die melodie vir hierdie lied is die liederwysie MÔREGESANG. Die keuse van hierdie tradisionele volksagtige melodie kan aanduidend wees van die algemene smaak van Afrikaanse mense.

Die melodie MÔREGESANG is in verskeie variante opgeteken (sien Smith 2012:170-172). Die weergawe in die *Liedboek* is oorgeneem uit *Eeufesliedjies* (1938) (Smith, 2012:85). Die spekulasie dat hierdie melodie verband hou met die bekende studentelied "Gaudeamus Igitur" is volgens Grové (2001:36-37) ongegrond en sonder enige historiese bewyse.

556

Vervul my hart met dankbaarheid

Ver - vul my hart met dank - baar - heid
 waar ek nou tot U na - der;

ver - kwik deur u wel - da - dig - heid
 kom ek tot U, my Va - der.
 Hoe juig my hart 'n dank - lied uit
 vir hier - die nu - we he - de,
 my eer - ste lied is dank - baar - heid,
 u lof my eer - ste be - - de,

Voorbeeld 3c: Liedboek 556

Grové (2001:36) beskryf hierdie melodie as “ ’n klein juweeltjie”, maar hy wys op die verlenging van frases en onreëlmatige kadense aan die einde van sommige frases. Volgens Grové dui die verlenging van frases op ’n natuurlike behoefte om die slotwoorde aan die eindes van frases te beklemtoon. Grové stel dit verder dat dit “nie sonder meer van ons voorouers verwag (kon) word om te weet dat hulle eie weergawes van die melodieë getuig van foute soos maatsoortveranderinge, a-periodiese ritmes, of van goeie (of swak) woord-toonverhoudings nie” (Grové, 2001:28).

“Op bergen en in dalen”

Nog ’n gesang uit die bundel van 1806 wat via die *Gesangebundel* van 1944 uiteindelik ook opgeneem is in die *Liedboek* is die welbekende en geliefde Gesang 7 (1806), “Op bergen en in dalen”. Die oorspronklike Duitse teks van CC Sturm (1740-1786) is vertaal in Nederlands deur Ahasverus van den Berg (1733-1807) en Johann Cramer (1723-1788) in 1806.

Die Afrikaanse vertaling vir die *Gesange* (1944) is weereens ’n teks van GBA Gerdener (1931) en is ook genommer as Gesang 7. Die ritmiese veranderinge by die kadense is opvallend.

7. ALOMTEENWOORDIGHEID VAN GOD

(Eerste Wysie)



Voorbeeld 4b: Gesang 7 (1944)

Vir Gesang 7 is die melodie van Cornelis de Pauw (1739-1803) soos in die 1806-bundel behou maar met toevoeging van 'n tweede melodie – 'n “nuwe wysie”. Hierdie anonieme melodie het nooit aanklank gevind by Afrikaanse lidmate nie.

De Pauw se melodie het wel inslag gevind, veral onder Afrikaanssprekendes. Die melodie is in so 'n mate gekritiseer deur kerkmusici dat dit weggelaat is uit die Nederlandse *Liedboek voor de Kerken* (1973) (Cillie, 1982:118). Die melodie is egter gebruik vir Gesang 47 in die Afrikaanse Gesangebundel van 1978 en word ook gevind in die *Liedboek* by Lied 509, waar dit nou genoteer is in vierslagmaat.

509

Op berge en in dale

Op ber - ge en in da - le en o - ral is my God;
 waar ons ook tel - ke - ma - le mag swer - we, daar is God!
 Waar ons ge - dag - tes swe - we of styg, ook daar is God;
 om - laag en hoog ver - he - we, ja, o - ral is my God!

Voorbeeld 4c: Liedboek 509

“Mijn Verlosser aan het kruis”

Nog 'n Duitse koraal wat deur middel van die *Gezangen* (1806) ingang gevind het in Afrikaanse liedboeke, is “Mijn Verlosser aan't kruis”. Ahasverus van den Berg het die oorspronklike Duitse teks van Benjamin Schmolck (1672-1737) in Nederlands vertaal vir die *Gezangen* (1806). Die lied is in die 1944-bundel opgeneem as Gesang 122: “My Verlosser aan die kruis”.

Die melodie van CF deWitt (1660-1716), “Meine Liebe hängt am Kreuz”, wat dateer uit 1715, is steeds in gebruik en staan afgedruk in die *Liedboek* as Lied 395. Die teks vir die *Liedboek*-weergawe is gewysig deur Attie van der Colf (1978/2001) en die melodie is ritmies aangepas.

395

My Verlosser aan die kruis

My Ver - los - ser aan die kruis
 die Ge - ne - ser eens so krag - tig,
 nou on - mag - - - tig?
 Waar is tog sy al - mag tans?
 waar sy god - de - li - ke glans?

Voorbeeld 5c: Lied 395 (2001)

SLOT

Uit bostaande kom 'n mens onder die indruk van die metamorfose wat liedere, in hierdie geval van die *Gezangen* (1806), ondergaan wanneer dit oor tyd deur bepaalde kulture oorgedra word in liedboeke. In die geval van die *Gezangen* is die belangrikste aspek van hierdie metamorfose sekerlik die geleidelike vertaling van die *Gezangen* van Nederlands na Afrikaans. Dit is opvallend dat sommige van hierdie liedere reeds vir die Nederlandse weergawe (1806) vertalings uit Duits was. Dit was een van die wyses waarop oorspronklike Duitse liedere dan ook onder Afrikaanse mense bekend geraak het.

Die behoud en/of vervanging van die melodieë getuig ook van die smaak van die tyd en die sosiaal-kulturele opset. Hier kan weer verwys word na die invoering van nuwe melodieë, soos byvoorbeeld die een van R de Villiers vir *Gesang 36*. 'n Interessante wending is geneem by die vervanging van 1806-melodieë deur die inheemse liederwysies wat in die volksmond ontstaan het. Ritmiese notering verskil ook in sommige plekke van die oorspronklike, veral wat isoritmie en kadensformules betref. Die bostaande voorbeelde gee 'n kykie op hierdie prosesse. Daar is natuurlik baie ander voorbeelde van ouer en nuwer Nederlandse liedere wat inslag gevind het in Afrikaanse liedboeke, en dit kan stof wees vir verdere navorsing.

Die vraag ontstaan of hierdie historiese inligting nog van belang is vir die 21ste-eeuse lidmaat. Gegewe die vinnig veranderende landskap van die Afrikaanse kerklied, is dit volgens hierdie outeur van uiterste belang dat inligting oor die ontstaan en ontwikkeling van die kerkliedere opgeteken word sodat dit toeganklik bly as wetenskaplike kennis en vir naslaandoelendes van die gebruiker. Dit bevestig opnuut die kulturele bande met ons Nederlandse erfgoed.

Die oorfloed nuwe liedere in verskillende style (vergelyk byvoorbeeld uitsette van VONKK²⁶) maak ook hierdie inligting relevant. Dit is noemenswaardig dat enkele van die *Gezangen* (1806) wat nie in die *Liedboek* opgeneem is nie, reeds aan VONKK voorgelê vir keuring. Binnekort behoort die agtergrond van die VONKK-liedere ook opgeteken te word.

BIBLIOGRAFIE

- Bouws, J. 1982. Solank daar musiek is ... musiek en musiekmakers in Suid-Afrika, 1652-1982. Kaapstad: Tafelberg.
- Chrisolm, H. (Ed) 1911. "Feith Rhijnvis". Encyclopedia Britannica (11th ed), Cambridge University Press. Beskikbaar op internet: http://1911_Encyclopedia_Britannica/Feith,_Rhijnvis&oldid=4193894. Besoek op 9 Junie 2013.
- Cillié, G.G. 1962. Die musiek van die Afrikaanse Gesangboek – 1944. Referaat gelewer by die Kongres oor die kerkmusiek, Kaapstad 9-10 Oktober 1962. Kongresbundel: p. 65-71. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Cillié, G.G. 1982. Waar kom ons Afrikaanse gesange vandaan? Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Du Toit, H. 1983. Die invoering en ontvangs van die bundel "Evangeliese Gezangen" in Suid-Afrika. In: 'n Geskiedenis van die Afrikaanse protestantse kerklied, (Ed) H du Toit, Pretoria: NG Kerk-Uitgewers. P. 11-19.
- Evangeliese Gezangen om nevens het boek der psalmen bij den openbaren godsdienst in de Nederlandsche Hervormde Gemeenten gebruikt te worden. Herdruk van die 1806 uitgawe: NABU Public Domain Reprints.
- Evangeliese Gesange. 1946. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- FAK-sangbundel. 1968. Pretoria: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.
- Grové, I. 2001. Waar gaan ons liederwysies heen? *Vir die Musiekleier*, 21(28):32-38.
- Liedboek van die Kerk. 2001. Wellington: NG Kerk-Uitgewers.
- Louw, H.A. 1999. Die lied in die erediens. Die rol wat dit gespeel het in die Afskeiding in 1859 in Suid-Afrika. In *die Skriflig (Fokus)*, 33(4):585.
- Malan, J.P. (Ed) 1980a. Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Vol 1. Kaapstad: Oxford University Press.
- Malan, J.P. (Ed) 1980b. Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Vol 2. Kaapstad: Oxford University Press.
- Malan, J.P. (Ed) 1980c. Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Vol 3. Kaapstad: Oxford University Press.

²⁶ Die akroniem VONKK staan vir "Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek" en is 'n taakgroep van die NG Kerk. Al die liedere is op die VONKK-webblad beskikbaar: www.vonkk.co.za. As medewerker in hierdie taakspan kon die outeur waarnaem dat nie net nuwe (eietydse) liedere voorgelê word nie, maar selfs ook gesange van Nederlandse oorsprong wat weggelaat is met die samestelling van die *Liedboek*.

Malan, J.P. (Ed) 1980d. Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Vol 4. Kaapstad: Oxford University Press.

Smith, 2012. 'n Kultuur-historiese betekenis van Afrikaanse liederwysies: 'n Kritiese bronnestudie. Ongepubliseerde MMus tesis, Universiteit van Stellenbosch.

Strydom, W.M.L. 1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore" Liturgie en lied. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Van der Leeuw, G. (Ed) 1977. Een compendium van achtergrondinformatie bij de 491 gezangen uit het Liedboek voor de Kerken. Amsterdam: Prof. Dr. G. van der Leeuw-Stichting.

Van Warmelo, W. 1958. Liederwysies van Vanslewe. Amsterdam en Kaapstad: A.A. Balkema.